**OMGEWINGSIMPAKEVALUERING VIR DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE 765 kV HYDRA-SUBSTASIE EN DIE OPRIGTING VAN 'N 765 kV TRANSMISSIE KRAGLYN TUSSEN DIE VOORGESTELDE UITGEBREIDE HYDRA-SUBSTASIE EN DIE GAMMA-SUBSTASIE, NOORD-KAAPPROVINSIE**

Soos u mag onthou, het Bohlweki Environmental gedurende 2005 'n Omgewingsimpakevaluering (OIE) onderneem vir die oprigting van 'n 765 kV Transmissie kraglyn tussen die Hydra- en Gamma Substasies in die Noord-Kaapprovinsie. Hierdie projek het in Desember 2005 'n positiewe Rekord van Besluitneming (RoD) ontvang. Hiermee wil ons graag van die geleentheid gebruik maak om diegene wat kommentaar gedurende die OIE proses gelewer het, te bedank.

Sedertdien is daar volgehoue hoë groei ondervind in die vraag na elektrisiteit in die Oos-Kaap en Wes-Kaapprovinsies. Deur van die bestaande beplanningsprosesse gebruik te maak, is daar bevind dat 'n behoefte bestaan vir 'n nuwe 765 kV Transmissie kraglyn vanaf Perseus-substasie na Gamma-substasie, met 'n voorgestelde uitbreiding op die Hydra-substasie wat tussen die bogenoemde substasies geleë is. Die bogenoemde OIE sal die evaluering fokus op die uitbreiding van die Hydra-substasie en die voorgestelde oprigting van die 765 kV Transmissie kraglyn, tussen die voorgestelde uitgebreide Hydra-substasie en Gamma-substasie. Die voorgestelde nuwe 765kV Transmissie kraglyn sal parallel aan die goedgekeurde 765kV Transmissie kraglyn tussen Hydra- en Gamma-substasies loop, soos hierbo genoem. Hierdie nuut-voorgestelde addisionele 765 kV Transmissie kraglyn is geïdentifiseer ten einde in die voorsiene groei in die vraag na elektrisiteit in die Wes-Kaap en Oos-Kaap Provinsies te voorsien.

Hierdie OIE projek sal die voorgestelde oprigting van die addisionele 765 kV Transmissie kraglyn, wat van die voorgestelde uitgebreide Hydra-substasie na die Gamma-substasie sal strek, aanspreek. Hierdie gedeelte van die lyn sal voorafgegaan word deur die lyn wat van Perseus-substasie kom.

Bohlweki Environmental, as onafhanklike konsultant, is deur Eskom aangestel om die vereiste Omgewingsimpakevalueringsproses sowel as die Openbare Deelname Proses vir die voorgestelde projek te onderneem.

'n Inligtinsdokument word tans opgestel en sal binnekort aan u uitgestuur word. Hierdie Inligtingsdokument sal addisionele inligting bevat aangaande die OIE proses vir die hierprojek, en sal 'n skematiese voorstelling van die voorgestelde addisionele 765 kV Transmissie kraglyn roete insluit.

Indien u enige addisionele inligting verlang, kan u my gerus kontak.

Vriendelike groete,

Nicolene Venter
Openbare Deelname Konsultant